Fees van die Doop van die Here

"Omdat die volk allerhande verwagtings gehad het,
het almal in hulle harte gewonder of Johannes
nie dalk die Christus is nie.
Johannes het hulle egter geantwoord:
'Ek doop julle wel met water,
maar daar kom iemand wat sterker as ek is,
en ek is nie eers werd om die riempies
van sy sandale los te maak nie.
Hy sal julle met die Heilige Gees
en met vuur doop.'
In die tyd toe die hele volk gedoop is,
is Jesus ook gedoop.
En terwyl Hy besig was om te bid,
het die hemel oopgegaan,
en die Heilige Gees het in 'n sigbare vorm
soos 'n duif op Hom neergedaal.
Daar het ook 'n stem uit die hemel gekom:
'Jy is my geliefde Seun.
Oor jou verheug Ek My.'"

Lukas 3:15-16.21-22

© Die Oratorium Uitgewery